Aantal wesies neem erg toe

Kinderwelsyn sukkel om by te bly

Susan Cilliers

Johannesburg-kinderwelsyn vier vanjaar sy honderdste bestaansjaar.

Me. Lyn Perry, direkteur van dié organisasie, het by onlangse feesvieringe vir dié mylpaal gesê die organisasie help altesame 40 000 kinders.

"Ons is onder geweldige druk omdat ons finansiering van die regering nie saam met stygende lewenskoste verhoog het nie, en ons skenkers weens die ekonomiese resessie onder druk is.

"Daar is boonop 'n drastiese toename in wesies, hoofsaaklik weens MIV/vigs en die insinking in die ekonomie."

By Kinderwelsyn se Othandweni-huis in Soweto word byvoorbeeld jaarliks teen 'n koste van meer as R2,8 miljoen na sowat 90 kinders omgesien.

Minder mense kan ook bekostig om kinders in pleegsorg te neem.

"Pleegouers kry welsyntoelaes en pleegkinders in staatskole hoef nie skoolfonds te betaal nie, maar dit is nie meer genoeg nie," het Perry gesê.

Nog uitdagings is die landwye tekort aan maatskaplike werkers en die feit dat hulle in die nieregeringsektor oor die algemeen swakker as in die staatsektor betaal word.

Ondanks dié uitdagings lewer Johannesburg-kinderwelsyn steeds talle dienste: aannemings, pleegsorgplasings, familie-ondersteuning, die hantering van kindermishandeling en opleiding van maatskaplike hulpwerkers.

Volgens Perry kom baie mense van landelike gebiede na Johannesburg in die hoop om werk hier te kry, maar dan gebeur dit nie.

"Gesinne verarm gevolglik en ons sien hoe kinders weens omstandighede verwaarloos of selfs weggegooi word."

Mense wat Johannesburg-kinderwelsyn wil help, kan niebederfbare kos, klere, waspoeier, babadoeke, formulemelk vir babas en skryfbehoeftes skenk.

Vrywilligers kan ook help om groentetuine te vestig, sport saam met die kinders te beoefen en Kersgeskenke te koop.

Vir navrae bel me. Nicola Vogel by ☎ 011 298 8500 of gaan na www.jhbchildwelfare.org.za.

Me. Malebo Mabe van Johannesburg-kindersorg speel met een van die babas in die Othandweni-huis in Soweto.